higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KLEDINGKONSTRUKSIE N5

(10010505)

3 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

186Q1J2103

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KLEDINGKONSTRUKSIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.1 ... moue het pylnate op die skouers.

A Dolman ⌘
B Raglan
C Cap
D Twee-stuk

1.2 Horisontale knoopsgate word gewoonlik op ... gemaak.

A mouboordjies
B omboorde openinge ('bound openings')
C knoopsgatstroke
D sjaalkrae

1.3 Die laag materiaal tussen die boonste en onderste kraagdele is die ...

A binnevoering. ⌘
B tussenvoering.
C ondervoering ('underlining')
D voering.

1.4 Inneem ('easing in') van volheid word gedoen wanneer

A 'n reguit soom ingesit word.
B 'n mouboordjie aangesit word.
C 'n ingesitte mou ingesit word
D 'n sak aangesit word.

1.5 'n Knoop met 'n skag word vir kledingstukke aanbeveel wat van ... gemaak is.

A organza
B dik, swaar materiaal
C pluisnylon
D katoen ⌘

1.6 'n ... materiaal is geskik vir die voering van 'n winterjas.

A linne
B satyn
C lamé
D georgette

Kopiereg voorbehou

1.7 ... verskaf 'n professionele voorkoms aangesien dit gelyktydig sny, stik en afwerk. ⌘

A Gevoude en gestikte rand
B Gestikte en getande rand
C Sigsagrand
D 'n Omgekapte rand

1.8 Die mees geskikte vasmaker aan die band van 'n mansbroek.

A Drukknopie
B Nylonband
C Velcro
D Haak en trens

1.9 Die stiksel aan 'n broekband om dit in posisie te hou.

A Terugstiksel ⌘
B Stutstiksel
C Skadustiksel
D Onderstiksel

1.10 ... is 'n gerieflike afronding vir moue van gebreide of geweefde materiaal vir sportdrag wat rek en weer terugtrek om die mouwydte gemaklik te beheer.

A Gebreide band
B Mouboordjie
C Voering ('casing')
D Elastiese afwerking

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.1 'n Chinese kraag is 'n voorbeeld van 'n staankraag.

2.2 Die ondervoering in 'n snyersbaadjie word voor die tussenvoering, binnevoering en voering ingesit.

2.3 Die tussenvoering in 'n snyersbaadjie word voor die ondervoering, tussenvoering en voering ingesit. ⌘

2.4 Die vasmaaksluiting vir damesklere is regs oor links.

2.5 'n Styfgeweefde liggewigmateriaal wat aan die binnekant van sakke gebruik word, is sakstof.

2.6 'n Snyersoom word gebruik om die onderste rand van 'n snyerskledingstuk af te werk.

Kopiereg voorbehou

2.7 Omboorde knoopsgate is geskik vir deurskynende weefstowwe.

2.8 'n Onderkraag ('under collar') van 'n snyersbaadjie het 'n naat in die middel agter.

2.9 'n Knoop met 'n skag ('stand') word vir kledingstukke van dik, swaar materiaal aanbeveel.

2.10 'n Voering is materiaal wat laaste as die finale afwerking van 'n baadjie ingesit word.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Insnyding ('clipping') wanneer kepies in die soomtoelatings van ... gesny word.	A	kleurbaadjie
3.2	Versterking wat by vervormingspunte gebruik word	B	binnevoering
3.3	Opgestikte sak sonder dat enige bostikwerk aan die regte kant van die uitrusting sigbaar is	C	afwerking
3.4	Wegsny van soomtoelating	D	balkhegsel ('bar tack')
3.5	Voorkom dat materiaal deursigtig is	E	konkawe (binnewaartse) rondings
3.6	Wegneem van volheid	F	snyersbedryf
3.7	Metode om some af te werk	G	moustyfsel
3.8	Ovaal stukkie materiaal wat gebruik word om hoogte, lywigheid en 'n gepofte effek aan die bokant van 'n mou te gee.	H	skuinsband
3.9	Stuk materiaal wat in die bokant van die mou gebruik word om die gewig van die materiaal te ondersteun sodit dit nie swig nie	I	mouband ('sleeve heading')
3.10	Tipe kraag wat bokant die neknaat van die kledingstuk uitstaan	J	mouband ('sleeve heading')
		K	opnaaisels ('tucks')
		L	rol

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

4.1 Stikselwerk wat as versiering op die regte kant van die materiaal gedoen word. ⌘

4.2 Dun materiaal wat gebruik word om die opening van 'n omsoomde sak te versterk.

4.3 'n Opening agter in die middel van 'n romp.

4.4 'n Geskikte sluiter vir 'n mansbroek.

4.5 'n Instrument wat geskik is om some los te torring.

4.6 Die mees geskikte vasmaker op die broekband van 'n mansbroek.

4.7 'n Digte silindriese kussing wat hoofsaaklik gebruik word vir die pars van lang geboë some in baie nou areas. ⌘

4.8 'n Strook breiwerk wat gebruik word om die halslyn van 'n sweetpak af te rond.

4.9 Die tipe sak wat aan die binnekant van 'n kledingstuk los hang, terwyl slegs die sakopening aan die buitekant van die kledingstuk sigbaar is. ⌘

4.10 'n Belegsel wat op dieselfde patroon en teen dieselfde draad as die rand wat dit sal afeindig, gesny word.

(10 × 1) **[10]**


TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

Bestudeer die onderstaande skets van 'n baadjie en beantwoord die vrae wat daarop volg: ⌘



5.1 Wat is die doel van die stikwerk op die skouerstuk van die baadjie? (2)

5.2 Noem VIER gehaltestandaarde vir mouboordjies. (8)

5.3 Benoem die tipe knoopsgate wat op die baadjie gebruik word. (1)

5.4 Noem DRIE gehaltestandaarde van omsoomde knoopsgate. (6)

5.5 Gee die doel van die volgende aan 'n snyersbaadjie:

5.5.1 Voering ⌘

5.5.2 Binnevoering

5.5.3 Ondervoering

5.5.4 Opgestopte stiksel

5.5.5 Skouerkussings

(5 × 2) (10)

5.6 'n Twee-stuk ingesitte mou word vir 'n snyersjas gebruik. Noem TWEE ander moue wat vir jasse geskik is. (2)

⌘

5.7 Noem DRIE noodsaaklike tipes toerusting wat vir die doeltreffende parsing by kleremakery gebruik word. (3)

5.8 Definieer die volgende begrippe:

5.8.1 Voering ('casing')

5.8.2 Band ('binding')

Kopiereg voorbehou

5.8.3 Franse pylnaat

5.8.4 Gulp-opening

5.8.5 Ribwerk ⌘

5.8.6 Skuinsstrook

5.8.7 Rolsoom

(7 × 2) (14)

5.9 Gradering ('grading') en inkeping ('notching') is belangrik om die pofferigheid in 'n kraag te verminder.

5.9.1 Verduidelik die graderingsproses ('grading process'). ⌘


5.9.2 Verduidelik die inkepingsproses ('notching process')

(2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 6

Bestudeer die skets van 'n snyersbaadjie en beantwoord die vrae wat daarop volg:



6.1 Identifiseer die kraag aan die baadjie. (1)

6.2 Identifiseer die styllyn op die baadjie. (1)

6.3 Identifiseer die detail op die skouer van die baadjie. ⌘ (2)

6.4 Verduidelik TWEE doeleindes van voerings aan die binekant van die sak. (4)

Kopiereg voorbehou

6.5 Wat is die verskil tussen 'n *binnevoering* ('interlining') en 'n *ondervoering* ('underlining')? (4)

6.6 Definieer *skouerkussings*. (2)

6.7 Wat is die doel van skouerkussings in 'n snyersbaadjie? (3)

6.8 Bespreek egte leer onder die volgende opskrifte:

6.8.1 Oorsprong van leer (2)

6.8.2 Aankoop van leer (2)


6.8.3 Stikwerk van nate in leer (2)

6.8.4 Some in leer (2)

6.9 Verduidelik die term *skadustikwerk* ('shadow stitching'). (2)

6.10 Gee 'n ander naam vir skadustikwerk. (1)

6.11 Bestudeer die skets hier onder en beantwoord die vrae wat volg:



6.11.1 Beskryf die middellyfafwerking van 'n bostuk.

6.11.2 Beskryf die doel van die bostiksels wat op die skouerstuk gebruik is.

6.11.3 Noem geskikte hegting ('fastening') wat in hierdie kledingstuk gebruik kan word.

6.11.4 Identifiseer die wegdoen van volheid.

(4 × 2) (8)

6.12 Noem VIER eienskappe waarvolgens breimateriaal geïdentifiseer kan word.

(4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

6.13 Beskryf *inslagbreistof* ('weft knit'). (2)

6.14 Beskryf *skeringbreistof* ('warp knit'). ⌘ (2)

6.15 Noem TWEE masjienstiksels wat vir breistof geskik is. (2)
[50]

VRAAG 7

7.1 Noem VYF maniere waarop die hoeke van 'n opstiksak versterk kan word. (5 × 2) (10)

7.2 Gee VYF gehaltestandaarde vir krae. ⌘ (5 × 2) (10)

7.3 Noem VIER patroonstukke wat nodig is om 'n heupsak te konstrueer. (4 × 2) (8)

7.4 Noem VIER gehaltestandaarde vir sakke. (4 × 2) (8)

7.5 Aan watter twee kledingstukke kan 'n mandarynkraag gebruik word? (2)

7.6 Noem TWEE komponente van 'n snyerskraag. (2)

7.7 Noem VYF gehaltestandaarde vir plooiwerk. ⌘ (5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou